Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

15 April 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 7 VAN 2019

I.S. HERREGISTRASIES, GRAAD R, "ON-LINE" EN PAASNAWEEK

Die Departement van Onderwys se jaarlikse herregistrasie van leerders het begin vir Laerskool Dr. Havinga. Alle huidige leerders van Graad 1 tot Graad 6 (2019) moet die herregistrasie vorm voltooi en so gou moontlik terugstuur skool toe. Handig asseblief by klasonderwyser in vir kontrole. Dit is die enigste manier om te verseker u kind/ers het 'n plek in ons skool in 2020. Elektroniese registrasie betalings kan gedoen word in ABSA 1008341369. Verwysing is u kind/ers se skoolfondsrekening nommer bv. V16/2020.

Alle voornemende ouers wat kinders vir Graad R by Laerskool Dr. Havinga in 2020 wil laat skoolgaan kan van vandag af registreer. Vorms is by die kantoor beskikbaar. Stel asseblief vriende en familie in kennis. Daar is beperkte plekke beskikbaar. Ons Graad R Opedag vind op Saterdag, 11 Mei 2019 plaas.

Soos in die verlede moet alle 2020 Graad 1 – leerders op die Onderwysdepartement se elektroniese platform registreer. Die amptelike datum waarop dit begin het ons nog nie ontvang nie. Sodra ons inligting het sal ons dit deurgee. Kry intussen alle dokumentasie (ID ens.) gereed.

Met die oog op Paasnaweek sal die skool op Donderdag, 18 April 2019 om 13:00 vir alle leerders sluit. Daar sal ook geen buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie. Tref asseblief u vervoerreëlings dienooreenkomstig.

Byvoorbaat dankie vir almal se samewerking.

Haviegroete.

L C VISSER
HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.